

Sing vooraf staande: Skrifberyming 5-4:1, 2 (10:1, 2)

- 1 Wie kan ons voor die regter daag? / Gods uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem / as God sy kind regverdig noem?
- 2 Dis Christus wat die skuld wou dra, / die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit / en altyddeur vir ons wil bid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 33:1, 6 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 6 Die Heer se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié Heer húl Heer is / en dié God húl God.

Gebed

Skrifberyming 1-1:1, 2 (24:1, 2)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.
- 2 Hy het deur eie wil bewoë, / dat niks ons ooit weer sou vervreem,
om Christus wil, uit mededoë, / ons as sy kinders aangeneem;
dat ons, by guns so vry gegewe, / in hart en wandel onbevlek,
sou leef voor Hom, in liefde lewe, / wat lewe in dooie harte wek.

Skriflesing: Efesiërs 1:3-14; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 16

Kernvers: Efesiërs 1:3-6

Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees. Daarom moet ons God prys vir sy groot genade wat Hy in sy geliefde Seun vrylik aan ons geskenk het. (Efesiërs 1:3-6 AFR83)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 16: Die Ewige Uitverkiesing van God

Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus, ons Here. God is regverdig deurdát Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het.

Rom 3:12; 9:16; Deut 32:8; 1 Sam 12:22; Ps 65:5; Mal 1:2; 2 Tim 1:9; Rom 9:29; Tit 3:4-5; Efes 1:4-5; Rom 11:5; Hand 2:47; 13:48; 2 Tim 2:20; Rom 9:11; 1 Pet 1:2; Rom 9:21; Joh 6:27, 44; 17:9, 12; Joh 13:9; 15:16; Rom 11:34-35; Joh 18:20; 15:19; Tit 1:1; Efes 1:3; Joh 10:29; Matt 15:24; 20:23.

Tema: Jou verlossing is vas en seker; dit berus op God se ewige en genadige uitverkiesing

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, baie mense sal vra: Hoekom wil 'n mens nou oor die uitverkiesing praat en is dit werklik nodig dat 'n mens nog daarvoor moet preek? Mense vra hierdie vrae omdat daar by baie mense 'n weersin is in die gedagte dat God 'n sekere vaste getal mense uitverkies het tot die ewige lewe. Mense het 'n weersin in die leer van die uitverkiesing omdat dit vir hulle so onregverdig lyk. En die uitverkiesing lyk vir hulle onregverdig omdat hulle die saak van die mens se kant af wil beredeneer. As hulle die saak van die mens se kant af beredeneer, begin hulle alewig met die gedagte dat die mens 'n onskuldige bloedjie is en hoe kan God nou so hard en ongenaakbaar wees om net sekere mense uit te kies en nie ook die ander nie.

'n Ander groep mense lê besondere klem net op die genade, liefde en barmhartigheid van God. Hulle verloor heeltemal uit die oog dat ons God heilig en regverdig is. Uiteindelik kom hulle tot die slotsom dat alle mense op die einde gered sal word. Met so 'n redenasie probeer mense, aan die een kant, om God se manier van optrede vir hulleself bevatlik te maak – hulle probeer God se optrede verdedig. Maar, aan die ander kant word daar 'n streep deur die uitverkiesing en die versoeningswerk van Jesus Christus getrek. Alle mense gaan mos op die einde gered word.

Nog 'n ander groep mense probeer die uitverkiesing uitrafel met die doel om dit te verstaan. Daarna probeer hulle weer al hierdie rafels in 'n verstaanbare volgorde kry – 'n volgorde wat hulleself uitgedink het – en dan pas alles nie meer in mekaar volgens hulle model nie. En die gevolgtrekkings wat hierdie groep mense maak, is dan een van drie dinge: die uitverkiesing is 'n saak waarvoor 'n mens nie behoort te praat nie, of die uitverkiesing staan so vas dat 'n mens niks daaraan kan doen nie. Uit hierdie tweede gevolgtrekking lei hulle dan af dat 'n uitverkore mens maar kan maak soos hy wil; hy is mos uitverkies, en as hy nie uitverkies is nie, kan hy tog niks daaraan doen nie. Die derde gevolgtrekking wat hierdie mense maak, is om te sê dat die mens alleen die finale seggenskap oor sy ewige bestemming het.

Broers, susters en kinders, net eers 'n paar kort opmerkings oor hierdie genoemde redenasies oor die uitverkiesing. Eerstens, die mens is geensins 'n onskuldige bloedjie nie. Daar bestaan nie so iets soos 'n onskuldige mens nie, want ons is almal van Adam af skuldige sondaars. Toe ons oor die erfsonde gepraat het, het ons al gesien dat hierdie aangebore geneigdheid om sonde te doen en vyande van God te wees vir God rede genoeg is om ons almal met die ewige dood te straf. God is dus glad nie verplig om enige mens uit te kies nie. As Hy alle mense aan hulle sondes oorlaat en los om uiteindelik in die ewige verderf te beland, sou God regverdig wees, want alle mense leef in opstand teen God.

Tweedens, dit is die mense wat die grense van hulle beperkte verstand wil oorskry en maak asof hulle beter as God weet. Hulle is vermetele sondaars wat probeer om die heilige dade van God te verdedig – so asof God nodig het dat iemand Hom ooit moet verdedig oor wat Hy doen. En met hulle verdediging gaan hulle heeltemal te ver deur Jesus se kruisoffer as oorbodig te bestempel.

Derdens, mense wat God se genadige uitverkiesing druk en skeur om in hulle modelle te laat inpas en dit nie regkry nie, maak asof God 'n tiran is wat mense soos lewelose pionne op 'n skaakbord rondskuif en die pionne kan niks daaraan doen nie. Of hulle skuif die uitverkiesing opsy en die mens is alleen vir sy verlossing verantwoordelik, want die Here is afhanklik van die mens se keuse om die genade aan te neem of te verwerp.

Geliefdes, die Heilige Gees het onder andere vir Paulus gelei om deur hom vir ons oor die

uitverkiesing te onderrig. Met dit wat die Here aangaande die uitverkiesing aan ons openbaar, onderrig, vertroos en verootmoedig die Here ons. Wanneer ons dan oor die uitverkiesing praat, gaan ons dit nie in ons model inpas om dit te verstaan nie. Ons gaan nie verder gaan as wat die Here aan ons bekend gemaak het nie. Die grense van ons nadenke oor die uitverkiesing is immers dit wat die Here in die Bybel vir ons gee. Wat Hy nie aan ons openbaar nie, is vir Hom alleen om te weet. Wat Hy wil hê ons moet weet, het Hy alles in die Skrif vir ons gegee.

Daarom gaan ons biddend luister na wat die Heilige Gees oor die uitverkiesing leer. Daarna sal ons by die verootmoediging en vertroosting kom. Uiteindelik sal ons kan begryp hoe ons van ons kant af by die uitverkiesing uitkom.

In Efesiërs 1 het ons nie 'n wetenskaplike en logies beredeneerde werkstuk om die uitverkiesing te verstaan nie. Hier het ons die loflied waarin God geprys word vir sy genade, liefde en trou. Drie maal in hierdie gedeelte roep die Heilige Gees ons by monde van Paulus op: **Daarom moet ons God prys vir sy groot genade** (Efesiërs 1:6, 12 en 14 AFR83). Die verlossing waaraan die gelowiges deel het, is God se genadewerk deur Jesus Christus. En die verlossing is 'n besluit wat reeds in die ewigheid geneem is voordat die wêreld en die mense bestaan het.

Aan God kom al die lof toe! (Efesiërs 1:3 AFR83). 'n Mens kan God alleenlik loof en prys, as jy Hom ken. Nou leer ons God nie ken deur maar op ons eie oor Hom na te dink nie. Omdat daar so 'n geweldige groot afstand tussen die heilige God en die sondige mens is en die mens uit sy eie niks goeds kan bedink of doen nie, is dit onmoontlik om die Here self te leer ken. Trouens, uit sy eie wil die mens God nie eers leer ken nie.

Daarom maak God Homself aan die mens bekend. Hy doen dit deur sy dade – sy skeppingsdade en sy verlossingsdade. In sy dade leer ons God ken as die Here wat by mense betrokke wil wees, wat met mense 'n lewende en persoonlike verhouding wil hê. Van hierdie betrokkenheid van God by mense hoor ons in die woorde wanneer Paulus sê wie die God is aan wie al die lof toekom. Hy is die Vader van ons Here Jesus Christus. God se betrokkenheid by mense word eers verstaanbaar in Jesus Christus.

Jesus Christus is ons Here, want ons vertrou op Hom, ons glo in Hom. Hy is immers ons Verlosser. Met sy bloed het Hy ons vrygekoop van die sonde en die duiwel se heerskappy. In Christus is alle gelowiges dan ook aan God verbind en sodoende aan mekaar verbind. Deur Christus het ons 'n lewende en persoonlike verhouding met die almagtige God en Vader. Slegs deur Jesus wat as die Gesalfde van God gesterf het om ons te verlos, kan ons God as Vader leer ken.

Wanneer ons God dan prys, noem ons sy werk op. Sy werk is die rede waarom ons Hom prys. In die tweede deel van vers 3 word die rede vir die lofprysing in algemene terme genoem.

God het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.
(Efesiërs 1:3b AFR83)

God seën ons. Dit is sy werk. En die inhoud van hierdie seën is die verlossing wat Jesus gebring het. As God ons seën, beteken dit in die eerste plek nie aardse voorspoed nie. Daarom sê die Here dat God ons geseën het **met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is** (Efesiërs 1:3 AFR83). Dit gaan dus oor die voorspoed wat die Heilige Gees binne-in ons tot stand bring deurdat Hy die verlossing wat Jesus gebring het tot ons eiendom maak. As ons dan die seën van God kan saamvat, sal ons sê: God die Vader skenk die seën, dit is Jesus Christus wat die verlossing gebring het en dit is die Heilige Gees wat hierdie verlossing in die lewens van die gelowiges werklikheid maak.

In vers 4 tot 6 word die eerste van hierdie seëninge genoem waarmee God ons geseën het. **Hy het**

ons in Christus uitverkies (Efesiërs 1:4 AFR83).

Die rede waarom die gelowiges in Christus kan glo en deur die Heilige Gees verseker kan weet dat hulle van al hulle sondes verlos is, is in God se verkiesing geleë. Die verlossing van die mens uit die verderf en ondergang waarin hulle hulleself gestort het, is deur en deur 'n saak van God se genade. Alle mense is verlore en verdien die ewige dood. Maar net omdat God wil, bewys Hy sy genade – uit hierdie totale verlore mensdom neem Hy sommige mense aan deur hulle van die pad wat na die hel lei te red. Geen enkele mens verdien om gered te word nie – almal het hulle kragte by die Satan ingegooi – maar God wil mense red.

En Hy doen dit in Christus. Hy het ons in Christus uitverkies. In die mense het God niks gevind wat enige mens aanneemlik vir Hom maak het nie. Slegs in Christus word mense aanneemlik. God het nie mense uitverkies oor wat hulle sou word en doen nie, maar oor wat Hy van hulle gaan maak. Die mens kom nie na die Here toe en sê: Here, kyk hoe goed en mooi is ek, kies my, nie. Die mens se eie werk is eenmaal nie 'n rede vir God om hulle uit te kies nie. God maak self wat Hy wil hê; Hy aanvaar nie tweedehandse werk nie.

Wanneer mense oor die uitverkiesing redeneer, klink dit so asof God eers die mense geskep het en na die sondeval het Hy vir Hom diensknegte uitgekies. Dit is allermens wat gebeur het. Die Heilige Gees sê dit duidelik: **Hy het, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies** (Efesiërs 1:4 AFR83). Toe daar nog niks van die hele skepping was nie – ja, nog voor Genesis 1:1 – het God 'n vaste getal mense uitverkies op grond van die versoeningswerk wat Jesus sou kom doen.

En nou moet ons ook nie verstaan dat God net 'n getal mense vasgestel het en eers na die mense op aarde lewe, kies Hy wie in hierdie getal sal wees nie. Nee, nog voor die skepping van die wêreld het God in Christus die vaste getal mense uitverkies en Hy weet van ewigheid af wie elkeen van hulle is. Hy ken elkeen van hulle op die naam nog voordat hulle of die skepping bestaan het.

Dit word dan vir ons duidelik dat nog voordat enige mens iets goeds of kwaads gedoen het, het God sy kinders uitverkies en hulle name in die Boek van die Lewe geskryf. Hulle is nie uitverkies omdat hulle heilig en onberispelik gelewe het of omdat hulle so sou lewe nie. Nee, God het hierdie vaste getal mense uitverkies sodat hulle heilig en onberispelik voor Hom kan wees.

God het mense uitverkies om heilig te wees. Hy het mense gekies wat vir Hom afgesonder is, wat aan Hom alleen behoort, sy eiendom. Omdat hulle aan God behoort, moet hulle ook lewe soos mense wat eiendom van God is, dit wil sê, hulle moet onberispelik lewe. En 'n onberispelike lewe word gekenmerk deur liefde wat in hulle lewens heers. Hulle daad is die daad van mense wat liefhet. Hulle optrede teenoor ander mense getuig daarvan dat die liefde van God in hulle harte is. Hierdie heilige en onberispelike lewe van gelowiges is nie iets wat sommer vanself gebeur omdat God hulle uitverkies het nie. Die Heilige Gees maak ons heilig en onberispelik sodat ons so kan leef voor God.

Broers, susters en kinders, indien ons onself begin sien soos wat ons van nature is, naamlik as skuldige sondaars voor God, en besef dat ons nou alleen op grond van God se uitverkiesing leef, sal ons in ootmoed en skaamte voor Hom buig. Elkeen sal weet dat hy nie verdien om 'n kind van God te wees nie, want ons het in onself niks wat God daartoe sou kon beweeg om ons te kies nie. Inteendeel, in ons het ons alles wat ons voor God verdoem. Maar ten spyte van wie ek en jy is – ja, ondanks ons geartheid om sonde te doen en vyande van God te wees – het Hy jou en my tog in Christus uitverkies.

Van ewigheid af het Hy ons liefgehad en van ewigheid af het Hy besluit om sy liefde konkreet aan ons te bewys deur sy Seun aan die kruis te offer sodat ons kan lewe. Daarom moet ons God vir sy groot genade prys.

Afgesien daarvan dat die leer van die uitverkiesing ons ootmoedig en skaam maak, leer die Heilige Gees ons daarmee sodat ons gemoedsrus en troos sal hê. Ons verlossing deur Jesus Christus en ons kind wees van God staan vas en seker, omdat God reeds in die ewigheid besluit het om ons sy kinders te maak. Niks wat ek doen of nie doen nie, sal hierdie besluit van God kan verander nie. Niks wat mense of kragte aan of met ons doen, kan God se ewige besluit oor ons verander nie. God se besluit berus geheel en al op sy wil en begeerte wat Hy in Christus Jesus bewerk het en deur sy Gees verwerklik het. Niks en niemand kan die almagtige God en Vader se besluit omvergooi nie. Daarom moet ons God vir sy groot genade prys.

Geliefdes, omdat die uitverkiesing die werk van God alleen is, beteken dit nie dat die mens nou maar net moet wag tot aan die einde van die dae om te sien wat God oor hom besluit het nie. Dit sal 'n mens passief en depressief maak.

Op 'n baie persoonlike en lewendige wyse wil God elkeen wat Hy in die ewigheid uitverkies het verseker dat hy 'n kind van Hom is. Daarom het God sy Woord op skrif vir ons gegee. En as Hy met ons begin praat, gee Hy nie vir ons 'n teoretiese uiteensetting van die uitverkiesing nie. Hy maak sy liefde aan ons bekend:

God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê
(Johannes 3:16 AFR83).

Die gevolg van God se ewige besluit om mense sy kinders te maak, is die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus. Aan alle verlore mense verkondig die Here sy Woord en roep Hy hulle tot bekering en geloof in Jesus Christus. Baie hoor die roepstem van God en sy liefdesverklaring. Aan die uitverkorenes gee die Heilige Gees die saligmakende geloof en hulle reageer op die liefdeswoorde van die Vader. Christus se versoeningswerk en die begrip daarvoor wek liefde vir God in die mens op.

Dan ontdek die verlore mens dat hy in die arms van die hemelse Vader is, en dat sy swak armpies ook aan die Here in die geloof vashou. God se liefde veroorsaak hierdie liefde by die mens. Dit is dus nie 'n prestasie van die mens dat hy God liefhet nie. En hoe hechter hierdie mens se verhouding met God groei en hy onberispelik en heilig voor God lewe, hoe sekerder word hy dat wat met hom gebeur het deur God in die ewigheid besluit is nog voordat die skepping bestaan het. En hoe duideliker die vrug van die Gees in sy lewe sigbaar word, kry hy die sekerheid dat ook hy deur die Heilige Gees beseël is as die eiendom van God. Onverdiend ontvang ons God se genade ondanks wie en wat ons is.

Geliefdes, met die leer oor die uitverkiesing lok die Here ons nie uit tot twis en moedeloosheid nie. Met hierdie leer bring Hy ons tot verootmoediging en vertroosting. Ons kon niks doen om gered te word nie. Ons Drie-enige God doen alles. En met sy Woord werk die Heilige Gees in ons die sekerheid oor ons salige uitverkiesing sodat ons God vir sy groot genade kan prys.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 1-1:3, 7 (24:3, 7)

- 3 Tot roem en prys van Gods genade, / die grond van ons behoudenis,
sing ons nou van sy reddingsdade / in Hom wat die Geliefde is.
Uit Hom in wie ons nou weer vry is / van skuld, deur sy verlossingsbloed,
in Hom, in wie die heil berei is, / kom seënstroom ons tegemoet.

7 Ons sal, in lewe en in sterwe, / Gods eiendom vir altyd wees;
ons sal wat Hy beloof het, erwe, / verseël deur die Heil'ge Gees.
Hy is die waarborg ons gegewe, / die eerst'ling van die volle som;
ons sal die reddingsdag belewe – / die glorie dag van God, wat kom.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
2 Desember 2012